Beste vriend nou ook beste 'leesmeester'

MARELIZE POTGIETER
Klapmuts

Miguel du Plessis, 'n gr. 3-leerder van die Primêre Skool Klapmuts, lees 'n storie vir die labrador Gemma. Miguel is een van 110 leerders van die skool wat deelneem aan 'n navorsingsprojek om te bepaal watter uitwerking honde op kinders se leesvaardighede het. Foto: EDREA DU TOIT

Die mens se beste vriend kan voortaan ook sy beste leermeester word.

Kinders van Klapmuts wat sukkel om leesvaardighede onder die knie te kry, is tans deel van 'n navorsingsprojek om te bepaal watter invloed die teenwoordigheid van troeteldiere op kinders het wanneer hulle leer om te lees.

Me. Marieanna le Roux, 'n navorser by die Universiteit Stellenbosch se sielkunde-fakulteit, doen die projek as deel van haar doktorsgraad. Sy het 'n besondere liefde vir diere en dien in die bestuur van Pets as Therapy, 'n organisasie sonder winsbejag.

Die idee is dat 'n kind "vir die hond lees" en "die prentjies vir die hond wys", het sy gesê.

"Een van die vrywilligers het vertel hoe 'n kind gevra het of die hond vir hom sal blaf as hy verkeerd lees."

Volgens haar is daar hope navorsing wat bewys dat mense se bloeddruk, hartklop en angs daal wanneer hulle met honde in aanraking kom.

"Jy kan net dink hoe baie angs het 'n kind wat reeds sukkel om te lees en sy beurt sit en afwag. Hy weet die juffrou het al geraas, en hy weet die kinders het al vir hom gelag.

"Die hond skep 'n veilige omgewing, want die kind weet die hond kan nie vir hom lag of raas nie."

Le Roux het die Primêre Skool Klapmuts gekies omdat leerders daar se geletterdheidsvlakke die laaste jare agteruitgegaan het.

Die 110 kinders wat in die projek gebruik word, is almal middelmatige presteerders.

Hulle is in vier groepe verdeel wat onderskeidelik saam met 'n vrywilliger en 'n hond, 'n vrywilliger en 'n teddiebeer en 'n vrywilliger alleen lees. Die vierde groep is 'n kontrolegroep wat normaalweg onderrig ontvang.

Die kinders is vooraf met verskeie leesinstrumente getoets en sal ná tien weke weer getoets word. Die navorsing is tans in sy vierde week en Le Roux beoog om 'n DVD daarvan te maak sodat die inisiatief ook in ander skole gebruik kan word.